

NTVL-TAKVERSLAG: FEBRUARIE TOT AUGUSTUS 2020

1. Inleiding

N.Tvl-tak het 190 lede waarvan 41% tussen die ouderdom 60 en 70 jaar is. Hulle is vir die tak 'n groot bate aangesien dit jong, energieke pensioenarisse is wat oor 'n rykdom ervaring op verskillende terreine beskik. Ons taklede se ouderdomme wissel vanaf 32 tot 92 jaar; 21 lede is tagtig jaar en ouer en almal is steeds aktief by genealogie betrokke. Dit is ook interessant om daarop te let dat veel meer mans as vroue lede van die tak is. Met Pretoria as die tak se sentrale punt is die taklede oorwegend Afrikaanssprekend (90%).

Twintig persent van N.Tvl-tak se lede woon meer as 40 km buite Pretoria en die bestuur probeer doelbewus om ook aan hulle 'n diens te lewer omdat hulle nie die takbyeenkomste kan bywoon nie. Dit is waarom soveel inligting as moontlik wat tot taklede se hulp strek in die Nuusbrief geplaas te word en waarom pogings die afgelope paar jaar aangewend is om takpraatjies op video te neem en op YouTube te laai.

2. Bestuur

2020 se ses verkose bestuurskomitee is: Rentia Landman (voorsitter), Wilhelm Bernhardt (ondervoorsitter), Elmarie Cronje (sekretaresse), Annemarie Dreyer (penningmeester), Niki Bezuidenhout (ekstra lid) en Dawid Engela (ekstra lid).

Die bestuur word aangevul met 15 portefeulje leiers wat saam met die bestuurskomitee die breë bestuur vorm en volle inspraak in bestuursvergaderings het buiten stemreg: André du Plooy, Andries Gildenhuys, Christo Venter, Ilna Ströh, Janine van der Merwe, Johan Fourie, Louis Fourie, Lynne du Toit (bibliotekaris), Maryna Northall, Neels Niesing, Oosie Oosthuizen, Otto Diedericks, Sam Basch, Tinus Kühn en Wietz Beukes.

3. Strategiese Sessie 15 Februarie

Uit die strategiese sessie wat deur 'n boere-ontbyt voorafgegaan is, het die volgende projekte realiseer:

- Vraelys 1 om te bepaal wat die verwagtinge van lede m.b.t. die tak is.
- Die daarstel van 'n takargief om te voorkom dat takfoto's, -praatjies (klank, video en gedruk) verlore raak.
- FutureFitprojek o.l.v. Ilna Ströh wat saam met 'n span die tak belyn vir 'n toenemende elektroniese toekoms.

4. Vraelys 1

Uit Vraelys 1 wat in Februarie uitgestuur is, het onder andere die volgende na vore gekom:

4.1 Bemaking

Vier-en-veertig persent taklede het by vriende en kennisse van GGSA NTVL-tak te hore gekom en 26% in die media (koerant, TV, radio en internet). Dit onderstreep die belangrikheid dat bemaking in die

media opgeskerp moet word en het tot die volgende aanleiding gegee:

- N.Tvl-tak se webblad op Genza is nuut en vars oorgedoen met die hulp van Ilna Ströh, Sam Basch, Alta Jamison, Otto Diedericks en Germaine Smith die webmeester.
- GGSA-Facebook is deur Annemarie Dreyer onder hande geneem om dit meer op die werwing van lede vir GGSA-takke te rig.
- Bemaking van N.Tvl-tak buite die genealogiese gemeenskap deur N.Tvl-tak se nuusbriewe aan instansies met aanverwante belangstellings te stuur.

4.2 Behoefte aan klein besprekingsgroepe

Belangstellende taklede het groepe met fasiliteerders gevorm om wenke van genealogieprogramme met mekaar te deel.

Legacy: Ilna Ströh

My Heritage: Annemarie Dreyer

Geni.com: Wietz Beukes wat 'n kort video gemaak het

RootsMagic: Isabel Groesbeek

4.3 Waarde van tegniese bystand

Bykans 90% van die taklede wil meer van tegniese aspekte soos die werking van FamilySearch weet en Matthew Bode is as spreker gekry om 'n Zoompraatjie daaroor te lewer.

4.4 Hoofbelangstelling

Ses-en-vyftig persent van die taklede stel hoofsaaklik in stamboom belang en 44% se hoofbelangstelling lê by familiegeskiedenis. Aan laasgenoemde groep is nog nie spesiale aandag gegee nie alhoewel takpraatjies meestal oor geskiedenisagtergrond handel.

4.5 Rekenaarprogram of nie

Agt-en-twintig persent taklede gebruik geen genealogieprogram nie en dit is waarskynlik diegene wat familiegeskiedenis skryf en daarom slegs MSWord gebruik (26%). Tien persent taklede maak van handgeskrewe metodes gebruik.

Rootsmagic is die gewildste genealogieprogram, gevolg deur Legacy en dan My Heritage.

4.6 Gewildheid van takaktiwiteite

Die jaarlikse genealogiesimposium word as 'n belangrike item op die jaarprogram beskou en kort op sy hakke is die Allegaartjie.

4.7 Rugsteun

Veilige rugsteun van eie navorsing bly 'n kwessie wat nie ernstig genoeg deur taklede opgeneem word nie.

5. Virtuele kommunikasie tydens inperking

Met die gesondheidsrisiko wat Covid-19 meebring het, moes N.Tvl-takbestuur vinnig dink. Reeds met die eerste bestuursvergadering op Zoom is besluit dat die tak elke maand 'n virtuele takbyeenkoms sal hou. Hoe dit gedoen sou word, het ons nie geweet nie. Daar was drie modelle wat oorweeg is: Video-opname van

praatjies wat op YouTube gelaai word; Zoom vir direkte kontak en Facebook stroom. Hier was ons gelukkig dat Christo Venter wat 'n IT-deskundige is, die leiding geneem en die bestuur met Zoom vertrouwd gemaak sodat bestuursvergaderings sowel as takbyeenkoms met Zoom gehou kon word. Die Stap-vir-stap riglyne wat hy spesiaal vir taklede opgestel het, is aan alle GGSA-besture beskikbaar gestel.

Die jaarprogram moes totaal omver gegooi word want die sprekers wat reeds vir die jaar bespreek was, het nie vir die virtuele praatjies kans gesien nie en ander sprekers moes gevind word. Prof. André Buys (April) wat Innovasiestrategie in die Fakulteit Ingenieurswese doseer het, het die uitdaging aanvaar om in sy huis, te midde van die inperking, sy praatjie op film vas te lê en wat op YouTube gelaai is. Die volgende maand het ondervoorsitter dr Wilhelm Bernhardt die sprong gewaag om die eerste lewendige Zoompraatjie aan te bied. Van toe af was die ys gebreek en elke maand se takpraatjie is op Zoom aangebied. Christo Venter het tegniese advies aan die sprekers verleen en Otto Diedericks het elke spreker voor die tyd deur 'n oefenlopie geneem. Die skakels na die praatjies op YouTube is aan takbesture verskaf wat dit met hulle taklede kon deel. Met die laaste twee praatjies is die Zoomskakel ook met ander takke gedeel. Otto fasiliteer die Zoomtakpraatjies.

'n Nuwe wêreld het vir ons oopgegaan wat ons toegang tot sprekers vanuit Pietermaritzburg, Kaapstad en Tasmania in Australië gegee het.

Die tak probeer maksimum blootstelling aan sy taklede gee en het hierdie jaar begin om vir elke takbyeenkoms 'n programdirekteur wat nie noodwendig 'n bestuurslid hoef te wees nie, aan te wys wat die vergadering hanteer en die kennisgewings lees, iemand wat die spreker aan die hand van die CV aan sy gehoor voorstel en iemand wat die spreker bedank.

6. Vraelys 2: Bemagtiging van taklede

Dit het gou duidelik geword dat die bestuur 'n verantwoordelikheid teenoor al sy lede het en nie net teenoor dié wat oor vinnige internet, voldoende data en rekenaarkundigheid beskik nie. Vraelys 2 is uitgestuur om taklede se elektroniese kapasiteit te bepaal om hulle aan die hand daarvan elektronies te bemagtig. Sodoende is wenke vir bekostigbare internetdienste in die Nuusbrief geplaas en aansluitend daarby het Christo Venter, Wietz Beukes en Neels Niesing 'n uitnodiging aan taklede gerig om persoonlik met hulle kontak te maak vir advies as hulle dit sou verlang.

Die voorsitter het persoonlike briewe aan taklede wat nie op Zoom inskakel nie, geskryf waarna bestuurlede oefenlopies met taklede gereël het om hulle met Zoom vertrouwd te maak. Dit het verskeie 80+ taklede ingesluit. Met Augustus se takbyeenkoms het 'n rekord aantal van 86 persone op die Zoompraatjie ingeskakel waarby nog 'n aantal saam met hulle eggenotes en vriende gekyk het.

7. Nuusbrief

Wietz Beukes is vanaf Junie die redakteur van die tak se Nuusbrief wat maandeliks verskyn. Die nuwe jonger aanslag van die Nuusbrief vind groot byval. Die keurige teksversorging word steeds deur prof. Tinus Kühn gedoen.

8. Finansies

Die tak het vanaf Maartmaand nie die Kunstgalerie vir die takbyeenkomste gehuur nie en die bestuur het besluit om 'n donasie van R5000 aan die Voortrekkermonument/Erfenisstigting, wat weens die Covid-29 inperking in finansiële krisis verkeer het, te maak.

9. Telegram

Tans is 109 lede 'n lid by die tak se Telegramgroep waarop Otto verlede jaar ingeskakel het. Dit maak die vinnige verspreiding van inligting vanaf die bestuur na die taklede moontlik en dien ook as kommunikasieplatform tussen lede wat genealogiese interessantheide met mekaar wil deel. 'n Voordeel wat dit bo WhatsApp bied, is dat wedersydse poswisseling tussen Telegram en 'n rekenaar sonder moeite moontlik is.

10. Beleidsdokument

Die tak se beleidsdokument is met resente bestuursbesluite opdateer.

11. NUK-projekte waarby N.Tvl-tak betrokke is

- **Renosterprojek.** Annemarie bemark steeds losstaande vanne van die 1972-kieserslysprojek.
 - Vanaf 2020 hanteer Annemarie en Inna gesamentlik die volgende fase van die projek naamlik die digitalisering:
 - Sabinet is gekontrakteer om 'n proeflopie te doen deur ongeveer 700 bladsye (2 boeke) met optiese karakter herkenning tegnologie te verwerk. Weens die (swak) kwaliteit van sommige brondokumentbladsye (geskeur, gebuig/skeef is ens.) moet daar redigering aan die digitale uitvoer van die eerste prosesse gedoen word. Inna en Annemarie is elkeen besig met die redigering van 'n boek se data. In die finale verwerkingsproses, deur Sabinet, sal die inligting dan in 'n spreistaat formaat omgeskakel word.
 - Op grond van die resultaat van die proeflopie sal besluite oor daaropvolgende stappe geneem word.
 - (Nota 1: Die projek is aanvanklik ietwat deur die impak van Covid en die inperking op die Sabinet span vertraag.
 - Nota 2: Annemarie en Inna het onlangs met Dennis vergader om seker aspekte van die projek te bespreek.
- **Begraafplaasprojek.** Oosie Oosthuizen het 'n opname van plaasbegraafplase in die Pretoria omgewing waarvan die grafstene nie gefotografeer is nie, gemaak.

Wat Pretoria se munisipale begraafplase betref, word Dirk van Heerden se advies gevolg dat ons anders as voorheen, eers gestruktureerde voorbereiding tref voordat takuitstappies na begraafplase onderneem word om foto's te neem.

12. N.Tvl-tak projekte

- **Kwartierstaatprojek**

Dit is 'n inisiatief van Otto Diedericks dat soveel moontlik Suid-Afrikaanse familiedata gedokumenteer, bewaar en gedeel word, veral met die oog op uitbreiding van SAF.

- **Artefakte/ Memorabilia**

Taklede word aangemoedig om kort artikels oor artefakte/ memorabilia/erfstukke in die huis te skryf wat in N.Tvl-tak se nuusbrief geplaas word.

- **Onthoupaadjie/ Memory Lane**

Taklede skryf hulle eie jeugherinnering wat as 'n bylaag aan die Nuusbrief geheg word en vandat die tak se bladsy op Genza aktief is, word dit daarop gelaai.

- **Mentorprogram**

Dié program is deur Annemarie Dreyer geloods en dit behels dat 'n ervare taklid as 'n *buddy* aan 'n nuwe lid of lid wat voel dat hy/sy hulle hulp nodig het, toegewys, word.

- **NUK-Nuusflitse**

N.Ttvl-tak lewer gereeld bydraes.

13. Res van die jaar se takbyeenkomste met Zoom

12 Sept

Alta Jamison. *The personal experiences of the Jamison family during World WarII.*

10 Okt

Yolanda Chong vanuit HongKong. *Digitale Drome en Stambome.*

14 Nov

N.Tvl-tak se jaarlikse afsluiting vind plaas met 'n Allegaartjie van praatjies waar taklede oor hulle eie navorsing praat. Die bestuur het besluit dat 'n virtuele Allegaartjie met voorafopgeneemde praatjies gehou sal word. Drie taklede het reeds bevestig dat hulle sal optree.

- Tinus Kuhn
- Louna Coetzee.
- David Engela

Rentia Landman
Voorsitter: N.Tvl-tak
083 306 5492
26 Augustus 2020
Centurion